# KOMMUNIKAMMA 17 NOVEMBER 2024

Ons besoek op versoek. Kontak asb. met groot vrymoedigheid met ons indien jy enige versoeke of vrae het.


Niekie Oosthuizen in die kerkkantoor: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za
Jou blokouderling of -diaken


**WHATSAPP GEMEENTE KOMMUNIKASIE**

Indien jy die gemeente kommunikasie via Whatsapp wil ontvang moet jy die volgende stappe volg:
Stoor die gemeente selfoon nommer (071 493 5998) as 'n kontak op jou foon.
Stuur 'n Whatsapp boodskap met jou naam en van na hierdie nommer.
Jy word op 'n "Broadcast" lys geplaas en is nie deel van 'n Whatsapp groep, waarop almal kommentaar lewer, nie.

**PROGRAM VIR DIE WEEK:**

**Sondag 17 November**

**09:00 KLASSIEKE KERSSANGDIENS**
**Skriflesing:** Romeine 12:1
**Tema:** Geskenke vir Kersfees
Almal word uitgenooi om na die Kerssangdiens in die kerksaal te kom saamkuier.
**10:00 KATEGESE AFSLUITING**
**18:00 LEEF@KERK**

*Kraggakamma Gemeente hou 'n insameling vir MTR Smit Kinderoord.*
*Bring asb. nie-bederfbare kos items en badkamer benodighede saam na die Kerssangdienste!*
*Daar sal 'n groot mandjie in die voorportaal wees vir hierdie items.*

**Die bedieningsdankoffer in die houtkassies gaan vandag vir die Sinodale Dankoffer – Vrouebediening**
Die Sinodale Kollekte vir Vrouebediening word gebruik om projekte te befonds wat ringe aanpak.
Vanjaar word onder andere die volgende gedoen:
• Opheffingsprojekte onder vroue
• Projekte gerig op die bediening van vroue en gesinne
• Ondersteun die sorgsentrum vir verkragtingslagoffers in Gqeberha
• 'n Vrouekamp in die Oos-Kaap word in Oos-Londen aangebied

**Maandag 18 November**

**KERKKANTOOR**
Die kerkkantoor is elke Maandag en Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop. **Neem asb. kennis dat die kerkkantoor weeksdae van 08:00-13:00 via die kerkkantoor telefoonnommer (041-360 1484) beskikbaar is.**

**12:45 GEBEDSKILD**
Gemeente gebedsgeleentheid in gebedslokaal. Almal is welkom.

**Woensdag 20 November**

**PE NOORD EN ALGOA GEMEENSKAPSKERK – VOEDSELHULP-PROJEK**

- Die nood by en behoefte aan kospakkies by die PE Noord gemeenskap bly baie hoog. Dankie vir elke bydrae.

**Vrydag 22 November**
**05:00 MANNEGROEP by Carnationlaan 15**
Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg vir meer besonderhede by selnommer 082 773 6205

**Sondag 24 November**
**09:00 GESAMENTLIKE DIENS**

**EREDIENSTYE IN DIE VAKANSIE**
**Sondag 1 Desember – Erediens om 9:00**
**Sondag 8 Desember – Erediens om 09:00**
**Sondag 15 Desember – Erediens om 09:00**
**Maandag 16 Desember – Versoeningsdag-diens om 9:00**
**Sondag 27 Desember – Erediens om 9:00**
**Woensdag 25 Desember – Kersdiens om 9:00**
**Sondag 29 Desember – Erediens om 9:00**
**Dinsdag 31 Desember – Gesamentlike Oujaarsdiens by Lorraine Gemeente om 19:00**
**Sondag 5 Januarie – Erediens om 9:00**
**Sondag 12 Januarie – Erediens om 9:00**

**GEBEDSAKE:**
- Vandag is biddag vir Beskermingsdienste. Kom ons dra hulle en hul geliefdes spesiaal aan die Here op.
- Matrieks en almal wat eksamen skryf.
- Rooikop Kotze is in die hospitaal.
- Veneto Keyter en Buddy van der Merwe beleef groot gesondheid uitdagings.
- MTR Smit se Kersboom eerskomende Saterdag, 23 November 2024.
- Ds Derik Myburg van Cala se afskeid volgende Sondag, 24 November 2024.
- Die finaliseer van die gemeente se jaarprogram vir 2025.
- ‘n Einde aan die oorloë in Oekraïene, Midde-Ooste, in Afrika en ander plekke, asook vir die gelowige broers en susters in daardie lande. Die sluit van vrede.
- Bid vir Gerrit, Janine, Nadia en die res van die There4 span.

**AFSLUITINGSETE VIR FONTEINVRIENDE (Afgetrede persone)**
‘n Lamspitbraai afsluitingsete met Roomys en sjokoladesous as nagereg word op 5 Desember om 12:00 vir 12:30 by Parke Rugbyklubhuis (langs miniatuur treintjies) aangebied. Daar is sap op die tafels en ook ‘n kontantkroeg. Koste is R100-00 per persoon. Bespreking moet voor of op 13 November gedoen word. Vir navrae, kontak Linda Rossouw by sel: 082 402 4396.

**GESAMENTLIKE EERSTERIVIER TIENER STAPTOER**
Die jaarlikse gesamentlike tiener staptoer vind op 3 – 5 Desember by Eersterivier plaas. Ons is opgewonde oor die 70 Tieners wat saam gaan kom stap. Inskrywings het gesluit vir die kinders, maar as daar volwassenes/studente is wat ook die staptoer wil bywoon en ons help kontak asseblief vir Ds Toit.

**JEUG-SPAN VIR 2024**
Ons wil baie dankie sê vir almal wat uitgehelp het met die jeugbediening by ons gemeente. Van Poppekas, Kleuterkerk, Kategese tot Avontuurweek en die familie kamp. Sonder julle sou ons dit definitief nie kon doen nie: Ashley Frazenburg, Belydenisklas van 2023 /Matrieks van 2024, Candice van Rooyen, Carol Strauss, Celeste Banfield, Christoff van der Merwe, Dirk Kotze, Ellenette Meiring, Elmarie Loftie-Eaton, Erika Marais, Haneri Olivier, Ignet Vosloo, Jackie van Heerden, Janine Herman, Lecia Pienaar, Lizl Schoeman, PC Van Rooyen, Petru Vlok, Riette van Loggenberg, Ronelle Wright, Simone Luckhoff, Stefan Blom, Tania Crouse, Tanja Claasen, Yolandi van der Merwe, Zalita Ackerman

**DOEP IS NIE DOOD NIE EN AS BONUS 'N PAAR KERSLIEDERE**

Jannie du Toit, kom bied dié Koos du Plessis produksie op Saterdag 21 Desember om 17:00 in ons kerksaal aan. Dit was in Januarie presies 40 jaar sedert Koos oorlede is. Jannie word deur Susan Mouton (tjello) en Chanie Jonker (klavier en akkordeon) begelei. Kaartjies kos R120.00 per persoon. Kaartjies sal eersdaags ons kerkkantoor, Elle Boutique by Sunridge Village en op Quicket beskikbaar wees.

**KERSVERSIERINGS**

Indien jy met opslaan van jou Kersboom agterkom dat jy versierings het wat jy nie meer gaan gebruik nie kan jy die op Maandae en Woensdae na die kerkkantoor toe bring. Ons dekor-span is altyd opsoek na nog sulke items.

**KERKRAADSLEDE VERKIES**

Op die kerkraadsvergadering is Sonja Tait as ouderlinge verkies.
Daar is steeds ouderling, diaken en baie dienswerker vakatures. As jy geroep word om te dien, kontak asseblief die kerkkantoor.

**NUWE LIDMATE**

Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal 'n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op "Kontak ons" reg onder die gemeente logo. Vul die "Nuwe intrekkers" vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor.

**REËLINGS GEDURENDE DESEMBER**

Neem asb. kennis dat die kerkkantoor vanaf 13 Desember tot 3 Januarie gesluit is. In geval van nood kan die predikant aan diens gekontak word.
Ds Toit Wessels is met verlof van 6 Desember tot 8 Januarie
Ds MG van Rooyen is met verlof van 1 – 12 Januarie
Niekie Oosthuizen is met verlof van 17 Desember tot 3 Januarie
Ryno Muller is met verlof van 23 Desember tot 14 Januarie
Conrad Pienaar staan vir die tydperk 1 – 8 Januarie in vir die predikante en kan in noodgevalle gekontak word. (072 227 6356)

**TIENDEMAAND DANKOFFER**

Jou tiendemaand dankoffer is nog 'n geleentheid om die Here te prys, te dank en te eer. Wanneer jy dit doen, erken jy dag vir dag sy Godheid, grootheid en goedheid. Hou daarmee vol. Dank Hom altyd vir alles wat jy onverdiend uit sy Vaderhand ontvang.
Die Tiendemaand Dankofferinkomste beloop tans R 225 210.00 Dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae. Ons mikpunt is R300 000. Ons sal graag die Tiendemaand in Novembermaand wil afhandel as jy nog jou dankbaarheidsbydrae wil maak.
Hoe werk die tiendemaand insameling?

1. Jy kan in die voorportaal van die kerkgebou of die kerkkantoor 'n tiendemaand dankofferkoevert kry wat jy enige tyd kan inbetaal, in die dankoffersakkie kan gooi of by die kerkkantoor kan inhandig.
2. Jy kan ook 'n elektroniese inbetaling in die rekening van die gemeente doen: NG Kerk Kraggakamma, Absa Bank rek nr.1400590091, Tjek Rek, Tak 511 917. Jy moet dit asb. duidelik merk as tiendemaand bydrae.

**VERJAARSDAE VIR DIE WEEK**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 17 November | Rene Matthee, Rinus van Heerden en Annie Viljoen |
| 18 November | Marzane Mc Cleland |
| 19 November | Johan Grobler, Vicky Jacobs, Christo Jooste, Jaco Pretorius en Antoinette Robson |
| 20 November | Malinda Capstick, Nico Grobler en Maricus van der Merwe |
| 21 November | Ina Botes, Anita Esterhuizen en Shaun Slabbert |
| 22 November | Marius van der Merwe en Hanré Vermaak |
| 23 November | Nicole le Roux, Anli Lombard, Cornelia Nel, Cecilia Nortjé en Contasha Skelton |

***Ons wens tannie Cornelia Nel baie geluk met haar 90ste verjaarsdag op Saterdag 23 November***

**DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.
Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091Takkode 632005